LIGDRAERS VAN GOD

MIDWEEK

Nuusbrief van NG Nelspruit-Suid

013 – 744 1925

Beste Lidmaat en gesin,

Sondag, 22 Oktober 2023 – Geseënd sodat ons kan seën
Ds Louis Pienaar
Skriflesing: Genesis 12:1-4 + Galasiërs 3:6-14

In hierdie teksgedeeltes lees ons van Abram se roeping. Hierdie roeping was'n uitdagende roeping vir Abram gewees. Abram moes die belangrikste drie bronne van sy sekuriteit verlaat, ingeslote sy onmiddellike familie. In die antieke tyd was jou onmiddelike familie die belangrikste van alle verhoudings. Daarby ook sy land en sy vader se huis. Abram moes baie opoffer om aan die Here gehoorsaam te wees. Hy moes volkome op God vertrou.

Hierdie roeping het ook gepaard gegaan met 'n wonderlike, hoopvolle belofte. Abram ontvang 'n omvattende seën. Die seën hou in'n grondgebied, voorspoed, vrugbaarheid en 'n groot naam. Abram kies omgehoorsaam aan God te wees.

Rede vir die Seën
Maar wat het dit beteken dat Abram as geroepende moet leef?
Die Here het nie Abram geseën omdat Hy meer spesiaal as al die ander mensewas nie.
Die seën was ook nie ten doel sodat hy moes dink hy is belangriker as die ander nie.
Ook nie sodat hy die seëninge alles vir homself moes hou nie homself nie.
Abram moet tot seën van almal wees.

Die uiteindelike doel van die roeping van Abramis die seën van die hele mensdom en die gevolglike verlossing van almal. God severkiesing van hierdie een gesin uit al die ander is God se nuwe plan om diewêreld en sy mense van totale verval en vernietiging te verlos. Abram sou in sy eie leeftyd

iets van hierdie seën sien in sy ontmoeting en interaksie met ander nasies en hulle konings.

Net soos Abram roep die Here elkeen van ons engee Hy ook Sy sëen aan elkeen van ons.

“Hy seën dié wat Hom dien, klein en groot. Psalm115:13

Hy is deur die Heilige Gees besig om ons teverander.
Ons word dus die instrumente waarmee God die wêreld seën.
En ons word doelbewus deur die Heilige Gees om vorm tot ’n seëning.
As ons onder beheer van God se Gees lewe, word eken jy dan ’n seën vir ander.
Ons word God se lewegewende Woord van liefde virander.

Gebed: DankieHemelse Vader dat U my ryklik seën. Dankie Jesus Christus dat ek in U geseënd is. Heilige Gees help my om so te leef dat ek tot seën van ander sal wees.

Verdere Nadenke:
1. Gaan maak ’n lys van alles waarmee die Here jou seën?

2. Lees Genesis 49:1-28
   a. Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte?
   b. Seën ons vandag nog ander mense en hoekom of hoekom nie?
   c. Wat leer die gedeelte ons wat ouers is.

3. Op watter maniere alles kan ons vandag tot seën wees vir diegene om ons?

4. Lees Lukas6:27-28
   a. Is hierdie ’n maklike opdrag? Hoekom?
   b. Wat maak dat ons baie keer sukkel met hierdie opdrag?
   c. Hoe kan ons mekaar as gesin/groep help met hierdie opdrag.

5. Gaan dink bietjie hoe julle as gesin/groep iets kan doen om prakties tot seën vir
   ander tekan wees. Dalk iets wat julle die komende vakansie kan doen.

Vir volledige videoboodskap oor die tema, **klik hier.**

Knie-aksie

Bid asb vir lidmate wat ongesteld is, herstel na operasies of tans in die hospitaal is:

Elsie Janse Van Rensburg
Les Williams

Die Bybelstudie is beskikbaar op YouTube, **Klik hier vir video**.

Donderdag 26 Oktober	10:00 Rubicon Bybelstudie Ds Louis Pienaar 082 878 1743 18:00 Delf in die Woord in die konsistorie Kerkkantoor 013 744 1925 18:00 PHOS Afsluiting
Sondag 29 Oktober	08:30 Erediens. Kleuterkerk. Jeugafsluiting 18:00 Woordstudie in die konsistorie Chris Mostert 082 555 1946
Maandag 30 Oktober	10:00 Bateleur Bybelstudie Dr. Jean Strydom 083 572 4868 17:30 Gemeentebedieningsvergadering
Dinsdag 31 Oktober	10:00 Naomi (Senior) Kuier - Susan v Huyssteen 084 964 2847 18:00 Mannegroep in die lapa Ds Louis Pienaar 082 878 1743
Woensdag 1 November	06:00 Broodbreek in die konsistorie Kerkkantoor 013 744 1925 10:00 Bybelstudie in die Koinonia Dr Jean Strydom 083 572 4886

Verjaarsdae 75jaar en ouer

Baie geluk aan...

Oktober

23ste - Marie Pretorius en Billy Ras

24ste - Bettie Viljoen en Johan Coetzee

30ste - René-Anne Kotzee

Huweliksherdenkings
Oktobermaand
31te Lex & Ika Bester - 53jr
Baie Geluk!

Roetemerkers: Matrikulante 2023

Sondag 29 Oktober

Skryfbehoeftes Projek

Maak 'n verskil in 'n behoeftige kind se opvoeding!

Nelspruit-Suid Projek vir omliggende skole.

Doelwit: R15 000 vir skryfbehoeftes

Navrae: Dr. Jean Strydom 083 572 4886

Donasies: EFT in kerk se rekening of betaal in by Kerkkantoor

---

Lidmate wat by dienste lewer:

Algemene Praktisyn: City Health, Henshallstraat 21, Winkel 6B. Woensdae R350 konsultasiefo pensionarisse. Dr Sentene Goosen by 078 389 2444.

Verkoop of koop van u eiendom: Skakel Miemie Ferreira by 0834682058

Verskaf en vervang rou riempies: Skakel Dewald 082 680 5806.

Glasfit. Alle motor en huis glas, Windskerm-*chip repairs*, *Motor Smash and Grab* tint, Huis Tint, Xpanda sekuriteits produkte, alle motor rubbers en *clips*. Sekelbos en Hardekool braaihout Skakel Henri 082 551 7779.

Windskerms & Ruite: Vervang en herstel. Skakel Maritha Snyman by 084 589 0620

Algemene Instandhouding en Onderhoud : Skakel Hennie Venter by 082 927 3638

Shekaina Design & Landscaping: Skakel Hennie Venter by 082 927 3638.

Lost Trail Gastehuis: Skakel Annelize by 082 462 5548

Benodig jy hulp met klein takies? Gerald Visser help graag. Skakel hom by 072 313 5640

CM on the go Accounting and HR Services: Payroll, boekhouding, CIPC, persoonlike- en besigheidsbelasting, ens. Skakel Charmain Mitchell 082 493 3557

ITNS: Rekenaar herstelwerk, harde- & sagteware, opgraderings, network ontwerp, hoofrekenaar installering en onderhoud, virus verwydering, ens. Skakel vir Pieter Van Den Bergh by 0824509452

Organiese groente-aanvulling: Bou jou immuunstelsel met organiese groente- poeiers, kry leiding in goeie eetgewoontes. Yolanda De Villiers by 082 819 6977

GoFocus Learning Centre: Remediërende hulp aan leerders met disleksie, ADD, ADHD. Lees, begrip, spelling, handskrif ens. Ontwikkel deur disleksie spesialis. Kontak Freda Grobler by 0824151508

Tyres & More: Bande, nitrogen, remme, skokbrekers, batterye, diens van voertuie uit waarborg, suspensie parte ens. H/v Emnotweni & Madiba Rylaan. Kontak vir Charles Bodemer by 013 752 4388

Werksgeleentheid:

Middag versorger vir 2024 vir 3 kinders: Opsoek na n deeltydse vrouestudent of 2023 matriel wat in die middae kan rondry na aktiwiteite en seker maak hulle doen huiswerk. Whatsapp 08285

Egpaar soek een- of tweeslaapkamer woning om te huur. Skakel Annetjie Klopper 076 309 0004

SUID Onderlinge Sorg

Seën vir die week!

Vriendelike groete,
Jean, Louis en Gerrit

Indien jy nie meer die Midweek wil ontvang nie, klik op “Unsubscribe” skakel hieronder.
Unsubscribe